

PREEKSKETS

Kan jy nog droom oor die toekoms? Lewe jy van hoop ... of wanhoop? Mense wat nie meer drome kan droom nie, is eintlik sterwend ... besig om hoop te verloor en dood te gaan. Waaroor droom jy vir die toekoms? 'n Beter betrekking met 'n groter salaris? Om met finansiële gemoedsrus te kan aftree. Dalk belangriker: hoe sien jy die toekoms van ons land en sy mense? En watter wêreld laat ons ons kinders en kleinkinders na? Ons hoor waarskuwings dat ons besig om ons planeet uit te put.

Die boek Joël skilder nie vir ons 'n rooskleurige prentjie van hoe dinge was in die skrywer se tyd. Ons lees van springkane wat alles opvreet, hongersnood, oorlog wat verdere vernietiging bring. Dit laat die Naam van die Here skade ly. En dit kom van God af! (Joël 1:15) Almal word deur vrees lamgelê (2:10).

Dis wel nie soos die boek Joël eindig nie. Die Here vra dat die volk (mense) met hulle hele hart sal terugkom na die Here (2:12-14,17). Dat sy Naam nie deur die heidene bespot sal word nie. Hy gryp in. Hy sorg dat daar genoeg is om te eet ... en dat Israel as volk herstel word (2:26).

Was Israel se berou en terugkeer opreg? Is dit nie maar krokodilrane nie? Sal dieselfde sondes nie maar weer gepleeg word nie? In Joël 2: 21 - 31 gee die Here beloftes van voorspoed, seën, redding. Maar, en dis 'n groot maar, dit moet blywend wees. Die vrugte wat pas by die bekering, moet gedra word. Die seuns en dogters moet (sal) iets van die toekoms verwag. Selfs die senior burgers, wat die maklikste in wanhoop kan verval, moet (sal) drome droom oor die manier waarop die bekeerde gemeenskap nou sal lewe. Hierdie hoop word deur alle mense gedeel, omdat die Heilige Gees uitgestort (sal) word op alle vlees (mense). Dit alles is een groot stuk genade. Dis eers as die Gees van God oor 'n mens kom dat jy in staat is om met hoop te lewe. Hoop, selfs te midde van soveel onheil, verkeerde dinge in ons dag ... Dit gebeur volledig by die wederkoms van Christus, maar reeds nou al kan die deurwerking van die bese gekeer word, daar ... waar die Naam van die Here aangeroep word. Want die Here belowe dat die reëns betyds sal kom en dat die dorsvloer vol koring lê. (2:23, 24). Hierdie woorde word deur Petrus aangehaal in sy preek op die Pinksterdag in Handeling 2:16-21, om te sê dat dit die gevolge is van die uitstorting van die Heilige Gees. Wie die Heilige Gees ontvang sal ook droom oor 'n nuwe toekoms wat van God kom!

Kyk Hy kom ... kan jy al sy naderende voetstappe hoor? Daardie dag sal daar volop wyn wees op die berge (3:18). Glo jy dit?

Die Here is naby dié wat Hom aanroep. En dan sal julle bese dat Ek die Here God is, en dat daar buiten My nie 'n ander is nie (2:27). En elkeen wat die Naam van die Here aanroep sal gered word (2:32).